# e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

10 November 2011

Jaargang 4 – Uitgawe 38


## In hierdie uitgawe


- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad



**Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!**

- Stuur ’n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**


## VOORBLAD

### Vol ywer, maar sonder insig?

***Broers, my hartewens en my gebed tot God vir my volk is dat hulle gered word, want ek kan van hulle getuig dat hulle vol ywer vir God is, maar sonder die regte insig.*** **(Romeine 10: 1-2)**

Ek is ’n gewone *stoere* Hervormer en uit die aard van die saak baie lief vir my Kerk. Ek dien al vir 40 jaar in die Kerkraad en dit is ’n lewenswyse. Ek kán daarom my dit nie voorstel om nie deel van die kerk, en spesifiek die Hervormde Kerk, te wees nie. Ek is ’n *gewone en eenvoudige* Christen wat glo in die Drie-eenheid en wat weet dat ek na die Vader kan gaan slegs deur Jesus Christus en dat Hy, en nét Hy, my enigste Verlosser en Saligmaker is.

Graag wil ek ook verder nét deel van die Kerk wees, wil ek net elke Sondag kerk toe gaan om daar ’n boodskap van verlossing en bevryding aan te hoor, en só ook deel van die gemeenskap van gelowiges te wees, deel te neem aan al die kerklike aktiwiteite en dan ook die tweedegrootste gebod uit te leef en liefde te bewys aan almal wat my pad kruis. Ek sal myself klassifiseer as ’n meelewende lidmaat.

Ek sê weer: Ek is ’n eenvoudige Christen en wil daarom nie op teologiese vlak betrokke raak nie, en dan steur ek my ook nie aan hoe daar met woorde gespeel en geworstel word nie, en hoe hulle vertolk en geïnterpreteer word nie. En of dit nou *sóós* die beeld van God is, *van* die beeld is, *in* die beeld is, of wat ook al! En óf daar gedoleer of nié gedoleer word nie! Want, weet u, hierdie dinge gaan nie maak dat ek die Ewigheid gaan beërwe of nie. Die Here ken my/ons harte, en die mate waartoe ek/ons ’n liefdesverhouding met Hom het, is al wat belangrik is. Ons sou nie eers van hierdie verskillende interpretasies geweet het nie as dit nie onder ons aandag gebring is nie. Ons word onnodig ingetrek in hierdie argumente/verskille waaroor ons in elk geval nie al die kennis het nie, en ál wat gebeur, is dat ons omgekrap word en net verder verward raak. Die Here gaan dit ook nie teen my/ons hou nie, as ek Romeine 10: 1-4 reg verstaan. Ons is vol ywer vir God, met dalk nie altyd die regte insig nie. *Christus is tog die einde van die wet, sodat elkeen wat glo, vrygespreek kan word* (vers 4).

Daarom wil ek vir almal vra, vir u wat so hare kloof oor woorde, besef u nie watse skade u besig is om aan ons Kerk te doen nie? Ek dink ek praat namens baie, moontlik die meeste gewone lidmate: Ons is moeg hiervoor! Ek kry soms die gevoel dat dit vir baie van ons gaan oor die *eie ek* (die werking van die vlees) en niks meer nie, en dat die vrug van die Gees ontbreek.



Aan al my mede-Hervormers dan, dié wat ná die buitengewone Algemene Kerkvergadering (AKV) tevrede is én dié wat steeds beswaard is, ek vra mooi: Kan ons nie weer net voortgaan soos vroeër nie? Kan ons nie liewers net weer kerk wees nie, die evangelie verkondig, en die Liefdesgebod uitleef teenoor die wêreld om ons? Só kan ons ’n verskil maak aan ’n gebroke wêreld daarbuite.

**Oudl George Marais**
**Welgelegen-Pietersburg**


## Skakels

| | |
|---|---|
| Webblad van die Hervormde Kerk | **www.nhk.co.za** |
| *Die Hervormer* | **www.hervormer.co.za** |
| *e-Hervormer* | **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html** |

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**



Ds Chris Liebenberg



Ds Johan Bezuidenhout



Di Jaap en Tharina Steenkamp

# BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

## Beroep ontvang

- **Ds Chris Liebenberg** van Warmbad na Ventersdorp
- **Ds Johan Bezuidenhout** van Rustenburg Jac van Belkum na Ermelo-Suid

## Beroep bedank

- **Ds Jaap Steenkamp** van Potchefstroom Die Wilge na die Kuruman-kombinasie
- **Ds Tharina Steenkamp** van Potchefstroom (deeltyds) na die Kuruman-kombinasie

## Vakante standplaas

- **Gemeente Oos-Londen** beskik oor 'n **vakante deeltydse predikantstandplaas**. Die gemeente het 'n eie kerkgebou en pastorie, en bestaan uit ongeveer 170 belydende lidmate. Die bedieningsarea strek oor die hele Oos-Londen sowel as enkele aangrensende gebiede. Navrae kan aan die voorsitter van die Ouderlingevergadering, oudl Peet Swanepoel, by 083 597 8283 gerig word. Enige belangstellende predikant of proponent kan 'n volledige CV **voor of op 25 November 2011** aan oudl Swanepoel by **pp.swanepoel@gmail.com** stuur. Die Kerkraad is egter nie verplig om slegs uit die groep aansoekers 'n beroep uit te bring nie.

- **Gemeente Onverwacht** beskik oor 'n **vakante deeltydse standplaas.** Die standplaas behels die bediening van lidmate in die gemeente asook lidmate van die interkerklike Gereformeerde Kerk in Francistown. Die kandidaat sal twee weke in Gemeente Onverwacht werk en twee weke in Francistown, ongeveer 400 km van Onverwacht af in Botswana.

  Gemeente **Onverwacht** is 'n groeiende plattelandse gemeente in die Bosveld, met 'n sterk industriële gemeenskap. Daar word heelwat uitbreidings in die gemeenskap verwag met die nuwe kragstasie wat in aanbou is. Onverwacht is deel van die ring van Potgietersrus. Die gemeente het in Februarie 2011 uit ± 650 lidmate bestaan waarvan 406 belydende lidmate is. Ds Coenraad Strydom is tans die voltydse predikant.

  Gemeente **Francistown** is 'n uitgestrekte semi-stedelike gemeente met ongeveer 90 Afrikaanssprekende gesinne. Die lidmate is met werkskontrakte en op permanente basis in Botswana.

  Vir die voorgeskrewe aansoekvorm en ander inligting, kontak Hanlie Thirion by die gemeentelike kerkkantoor by 014 763 4944 (voor 13:00) of per e-pos by **admin@onverwachtgemeente.co.za**, of ds Coenraad Strydom by 084 506 1917, 014 763 2595 of **coenstrydom@lantic.net**. Die **sluitingsdatum** vir aansoeke is **15 Desember 2011.**

# PREDIKANTE EN GEMEENTES

Alle lief en leed vir plasing in die kerklike publikasies moet voortaan aan die Sekretaris vir SENTIK gestuur word, en nie langer aan die Sekretaris van die Kommissie van die AKV nie. Stuur inligting aan dr Wouter van Wyk by **wouter@nhk.co.za**, of skakel hom by 082 339 2332.



Ds Willie Herbst

- Emerituspredikant **ds Willie Herbst** is op Woensdag 9 November in die Eugene Marais-hospitaal opgeneem vir 'n hartomleiding. Ons bid hom sterkte en volkome herstel toe.

- **Die volgende predikante verjaar tot 18 November**, en word hartlik geluk gewens.
  - Vrydag 11 November: Di Adriaan Roets (Swartkop) en Kobus van der Merwe (beroepafwagtend)
  - Sondag 13 November: Ds Innes Benadé (Outeniqua)
  - Maandag 14 November: Ds Nicolaas Steenekamp (Middelburg)
  - Dinsdag 15 November: Di Hannes Janse van Rensburg (Zuurfontein), Francois Labuschagne (emeritus) en Pieter Pretorius (Zesfontein)
  - Woensdag 16 November: Ds Casper du Plessis (Hennenman/ Odendaalsrus) en dr Wian Kloppers (*Konteks*)
  - Vrydag 18 November: Ds Chris Viljoen (CSO)

- Die **volgende vergaderings** vind tot 18 November plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.
  - Donderdag 10 November: Kommissie van die AKV
  - Vrydag 11 November: Kommissie van die AKV
  - Dinsdag 15 November: Kuratorium
  - Donderdag 17 November: ADV Dagbestuur
  - Vrydag 18 November: Finkom van Die Ondersteuningsraad




- Die **Algemene Diakensvergadering** (ADV) spog met 'n splinternuwe **webblad**. Gaan na **www.diakens.co.za** om dit te besigtig. Na deeglike beplanning deur die betrokke werkgroep het ds Gerhard Stoltz, diak Piet Steenkamp en Delitech IT Solutions 'n webblad geskep waarin die werk van die diaken deeglik toegelig word. Gebruikers kan byvoorbeeld stem vir 'n saak of idee. Toepaslike gebeurtenisse word aangekondig, en diakens kan self inligting op die blad publiseer. Terugvoer oor die webblad en idees kan gestuur word aan **webmeester@diakens.co.za** of **voorsitter@diakens.co.za**.

- **Gemeente Magaliesmoot** benodig die dienste van **'n orrelis** wat die begeleiding tydens oggenddienste kan waarneem. Diensaanvaarding 1 Desember 2011. Die gemeente is geleë tussen Pretoria en die Hartbeespoortdam. Kontak ds David Barnard by 083 441 1789.

- **Gemeente Strand: Eredienste Desember 2011.** Lidmate wat gedurende Desember in die omgewing van Strand/Hermanus vakansie hou, kan elke Sondag om 09:00 saam met die gemeente die Here dien met woord en lied. Op Sondag 4 Desember word hul pyporrel tydens die jaarlikse Kerssangdiens ingewy. Daar is ook op Geloftedag, Vrydag 16 Desember, en op Kersdag, Sondag 25 Desember, om 09:00 eredienste. Die kerkgebou is op die hoek van Boschendal- en Elimstraat, Onverwacht, Strand; GPS S 341.10971 O 018.84235. Navrae aan Japie Botha (skriba) by 021 851 6321 of 083 231 6321.



- Teken voor die einde van November per SMS in op *Konteks*, en **wen 'n gratis webblad** vir die gemeente! Die gemeente wat die meeste SMS-intekeninge vir *Konteks* 2012 stuur, wen 'n gratis webbladontwerp van Delitech IT Solutions (**www.delitech.co.za**). *Konteks* kos in 2012 R140 vir 10 uitgawes, en intekenaars se volkleurtydskrifte word maandeliks na die gemeente-adres gepos. Teken in deur 'n SMS met die volgende formaat na 45633 te stuur: "NHK Gemeentenaam Intekenaar" (bv NHK Philadelphia GJ du Toit). Let daarop dat elke SMS met NHK (*in hoofletters*) móét begin. Elke SMS kos R1,50. Die gemeente wat die gratis webblad wen, sal aan die begin van Desember in die laaste *e-Hervormer* van vanjaar aangekondig word.

- **NHSV beurse en lenings 2012.** Die NHSV beskik oor beurse/lenings vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk kwalifiseer vir die toekennings. Die lenings/beurse wissel van R2 000 tot R6 000. Aansoekvorms kan aangevra word van 012 325 0117 of **nhsvadmin@nhk.co.za**. Besoek ook die webwerf **www.nhsv.co.za**. Die sluitingsdatum vir aansoeke is **15 November 2011**. **Geen laat aansoeke word aanvaar nie.** Kontak die NHSV kantoor vir meer inligting.

- **Beurs beskikbaar vir Hervormde student.** 'n Lidmaat van Gemeente Potchefstroom Die Wilge wil graag 'n (behoeftige) student help. Die beurs behels studiegelde, inskrywingsfooie en verblyf; die student is verantwoordelik vir sakgeld, aankoop van boeke, vervoer, klerasie, persoonlike benodigdhede, kos, ensovoorts.

  **Universiteit:** Noordwes-Universiteit (Pukke).
  **Rigting:** LLB-studente sal voorkeur geniet.
  **Vereistes:** Dissipline en prestasie (die beurs verval met die eerste druipvak).
  **Navrae** aan ds Jaap Steenkamp by 072 233 6445.

  **Aansoeke** na **jaapsteenkamp@nhk.co.za**. Dit moet vergesel wees van die laaste twee jaar se skoolrapporte/puntestate, 'n CV, 'n motivering, en 'n getuigskrif van 'n leraar of begeleidende brief van die kerkraad. **Sluitingsdatum: Vrydag 11 November om 12:00.**

- Daar is **verblyf** beskikbaar **binne loopafstand van die Universiteit van Pretoria**, op die kerkterrein van Gemeente Philadelphia in Hatfield. Gratis parkering, elektrisiteit en water ingesluit. Vir meer inligting, kontak Esmé by 012 362 7237 of **philadelphia@nhk.co.za**.

## Konserte en feeste

- **Vrydag 11 November tot Sondag 13 November**
  **Gemeente Wonderboom-Suid**
  10de Laan
  Tema bejaardesorg – naweek soos aan begin van vorige eeu
  **Vrydag:** Tradisionele kermis vanaf 16:30
  **Saterdag:** Trek laer, aand voorbereidingsdiens, belydenis van geloof en gemeentevergadering
  **Sondag:** Nagmaal, danksegginsdiens, doop en ete
  Trek tradisioneel aan (dames met hoede, kerkraad met strikdasse, ens)
  Navrae aan voorsitter van Goud en Silwer Bedieningsgroep,
  Valie Viljoen (012 331 0797)


- **ALLEN KERKORRELS**
  Na 40 jaar van digitale klank –
  steeds die leier in orrelbou
  Skakel ons vandag vir 'n gratis demonstrasie
  Tel 012 991 4930
  Faks 086 667 4680
  Sel 079 497 2647




## Kampe

- **Gemeente Montana: Vrouekamp**
  9 tot 11 Maart 2012
  By Mopani Lodge, net buite Pretoria
  Tema: *Steek 'n petunia in jou hoed en skaterlag!*
  Spreker ds Janine Bevolo-Manders

R500 per persoon
Vir navrae of besprekings: Jana Peenze 083 734 5426
of **janapeenze@vodamail.co.za**



- **KOTHUIS OP SANDBAAI**
  Kom ontspan op rustige, pragtige Sandbaai slegs 5 km van Hermanus
  Ruim, gemaklike 1-slaapkamer selfsorg kothuis met see-uitsig
  Geskik vir 2 tot 4 persone met dubbelbed in kamer
  en dubbel-opvoubank in leefvertrek
  See- en kuspaadjie 1 blok van voordeur
  R500 – R700 per dag buite seisoen
  R600 – R800 per dag binne seisoen
  Skakel Ida Barnard by 083 594 2438

- **Eerstejaarskampe 2012**

  - **Potchefstroom-Studente: Dinsdag 10 tot Vrydag 13 Januarie**
    R800 per persoon, verblyf, etes en 'n T-hemp ingesluit
    Kontak dr Rudy Denton by 082 459 9710 of **rudy@nhk.co.za**
    of Terzie Denton by 082 475 4618 of Marle Geel by 082 861 2799

  - **Stellenbosch Hervormers Aanvangskamp 2012**
    **Saterdag 21 Januarie tot Dinsdag 24 Januarie**
    Kom by kerk byeen vanaf 12:00 en vertrek 13:00 na kampterrein
    Besonderhede sal gestuur word
    Kontak ds Chris le Roux by 082 905 0818 of **stellenbosch@nhk.co.za**

  - **Philadelphia Tuks Eerstejaarskamp 2012**
    **Saterdag 21 Januarie tot Woensdag 25 Januarie**
    Kampterrein naby Brits
    Sluit aan by groep op Facebook "TUKS NHK Philadelphia EJK 2012"
    Registreer by www.philadelphia.co.za
    Bring 'n vriend of vriendin na die kamp en kry R50 afslag
    Kontak Aniena (bemarker) by 082 293 9755,
    Timo (kampbestuurder) by 083 426 3599,
    ds Martin Slabbert by 082 655 4787
    of dr Sanrie de Beer by 083 226 1866

  - **Bloemfontein Kougom Eerstejaarskamp**
    **Sondag 8 tot Donderdag 12 Januarie**
    R660 per persoon
    Kontak ds Willem Dykema by 082 560 4772
    of Giselle Fourie (kampvoorsitter) by 082 649 6527



- **VAKANSIEWOONSTEL TE HUUR IN UVONGO**
  Ongeveer 350 m van Uvongo-hoofstrand
  Slaapplek vir 4 mense
  Ten volle toegerus en lugversorg
  Onderdakparkering, elektroniese toegangsbeheer
  Swembad en braaigeriewe in kompleks
  Billike tariewe binne seisoen, spesiale maandtarief buite seisoen
  Kontak Jacques Pieterse by 082 458 4482 of **jacquesjean@vodamail.co.za**

## Sportbyeenkomste

- **Saterdag 12 November: Gemeente Bronkhorstspruit**
  **Karp-hengelkompetisie**
  Vlooikopdam

R100 per hengelaar met 2 stokke
Kaartjies te koop vanaf 04:00, hekke oop sodra dit lig word
Inweeg 16:00
1ste prys slagos; 2de prys R1 000; baie ander pryse
Navrae aan Frans le Roux (082 892 1325)

## Basaars en markte

- **Saterdag 26 November: NHSV Warmbad**
  **Boere-ontbyt en mark**
  08:00 tot 11:00 by kerksaal in Ludorfstraat
  (tussen Mentz- en Grobler-rylaan)
  Heerlike gebak, kothuisartikels, vars wors en groente ook te koop
  Ontbyt R30 per persoon
  Kaartjies te kry by kerkkantoor
  of skakel Suzi van Dyk by 014 736 6404 (h) of 083 310 4943

- **Saterdag 17 Desember: Gemeente Wesmoot: Christusfeesmark**
  By Makro Wonderboom
  Stalletjies teen R200 – bespreek nou
  Met Lance James, Rodeo Girls, Hendrik Britz en Miranda
  Toegang gratis
  Kontak Carla Greyling by 082 376 9239

- **Saterdag 28 Januarie 2012: Gemeente Nelspruit**
  **Maroelafees en Buitelewe-ekspo**
  Beplan nou reeds!
  By Nelspruit Rugbyklub
  In hoogseisoen van die maroela
  Van 08:00 tot laatmiddag, toegang gratis
  Gesinsvermaak
  Verskeie maroelaprodukte, geregte, resepteboeke te koop
  Woonwaens, tente, kampeertoerusting, veldvoertuie, kragopwekkers
  Kontak gemeentelike kerkkantoor by 013 741 1455 vir meer inligting



- **VAKANSIE-AKKOMMODASIE IN STILBAAI, WES-KAAP**
  Casa Bella in Stilbaai-Wes
  Vir droomvakansie saam met jou getroude kinders
  Luukse 6-slaapkamer vakansiehuis beskikbaar tot 15 Desember 2011
  Spesiale afslagprys binne hoogseisoen (minimum 7 nagte) R1 500 per nag
  (Normale prys R2 500 per nag)
  Prys vir aantal persone per nag kan onderhandel word
  6 slaapkamers, 5 badkamers, 2 sit-/eetkamers, DStv
  2 kombuise volledig toegerus, skottelgoedwasser, wasmasjien, tuimeldroër
  2 binnenshuise braaiers, 1 onderdakbraaier
  2 toesluitmotorhuise
  Balkon met uitsig oor see en riviermond, en rus vir jou siel
  Kyk by **www.wheretostay.co.za** → Western Cape → Garden Route → Stillbay
  → Self Catering House Accommodation in Stillbay → Casa Bella
  Vir afslagaanbod, kontak Hannes Beukes persoonlik by 083 453 0344
  of **hannesbeukes@vodamail.co.za**, of faks na 086 512 5191

# ANDER NUUS

- **Vakature.** Die **Direksie van die Kinderhuise** van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika wag aansoeke in vir die pos van **Bestuurder by die DPS-huise**.

Kandidate moet aan die volgende **vereistes** voldoen:

- Meelewende lidmaat van die Hervomde Kerk.
- Veelsydige bestuursvaardighede.
- Moet finansiële state kan opstel en interpreteer.
- Vermoë om as lid van multi-professionele span te funksioneer.
- Goeie kommunikasie- en organisasievaardighede.
- Basiese kennis van die kind en kinderopvoeding.
- Basiese kennis van die Kinderwet sal 'n aanbeveling wees.
- Onderhandelingsvaardighede.
- Rekenaarvaardig in ten minste Microsoft Office.
- Ten volle tweetalig.
- Naskoolse kwalifikasie/opleiding sal 'n aanbeveling wees.
- Geldige rybewys.

Onderhandelbare salaris met normale diensvoorwaardes.
Diensaanvaarding: 1 Januarie 2012.
**Sluitingsdatum: 21 November 2011.**

Aansoeke met CV moet gerig word aan: Mev Susan Moore, Posbus 2368, Pretoria 0001; **mannekrag@nhk.co.za**; faks 012 322 7909. Navrae by 012 322 8885.

- **Vakature.** Die Direksie van die **Kinderhuise** beskik oor 'n pos vir 'n **boekhouer**. Die **vereistes** is:
  - Toepaslike rekeningkundige kwalifikasie, of Matriek-rekeningkunde met ten minste 3 jaar toepaslike ervaring in boekhouding tot proefbalans-stadium en opstel van bedryfs- en finansiële jaarstate.
  - Moet vertroud wees met die generering van bestuursinligting.
  - Gebruikersvaardigheid in Pastel en Microsoft Excel.
  - Goeie kommunikasievaardighede.

  Onderhandelbare salaris met normale diensvoorwaardes geld.
  Diensaanvaarding 1 Januarie 2012.
  **Sluitingsdatum 28 November 2011**.

  Aansoeke met CV moet gerig word aan: Mev Susan Moore, Posbus 2368, Pretoria 0001; **mannekrag@nhk.co.za**; faks 012 322 7909. Navrae by 012 322 8885.

- Die **Ondersteuningsraad in Pretoria** reël twee **Kersfunksies** vir hul **behoeftige bejaardes** en **kinders** tussen 1 en 11 jaar. Enige persoon wat 'n bydrae wil maak, kan Esta Stieler kontak by 012 325 2320 / 1 / 2 / 3 / 4.

- Die Kantoorkomitee van die **Ondersteuningsraad Secunda** reël vir **Saterdag 26 November** 'n **gholfdag** vir fondsinsameling. Belangstellendes kan die koördineerder, ds Jan Rossouw van Trichardtsfontein, by 017 638 0246 of 084 585 8716 kontak.

- **DIE ONDERSTEUNINGSRAAD**
  **VAKATURE IN RING VAN RUSTENBURG**
  **Maatskaplike Werker**
  Halfdagpos vanaf 3 Oktober 2011 in Rustenburg.
  Vir lewering van pleegsorgtoesigdienste by Diakonale Pleegsorghuis asook dienslewering aan lidmate van die Hervormde Kerk.

  **Ononderhandelbare vereistes:** Registrasie by Raad vir Maatskaplike Diens-beroepe, geldige bestuurslisensie, ervaring in statutêre werk en vereenselwiging met etos van die Hervormde Kerk. Salaris bepaal deur jare ervaring.

  Aansoeke aan mev Mariaan Steenkamp (**mariaans@nhk.co.za** of faks 012 322 5787). **Sluitingsdatum 30 November 2011.**

- **DIE ONDERSTEUNINGSRAAD: ANDER VAKATURES**
  - Programbestuurder Noordwesprovinsie: Mimimum 6 jaar statutêre ervaring in maatskaplike werk; vorige bestuurservaring sal ’n aanwins wees; area Rustenburg/Potchefstroom/Klerksdorp (halfdagpos).
  - Maatskaplike Werkers (6 poste): Areas Tarlton, Krugersdorp, Brakpan, Pretoria en Potchefstroom.
  - Maatskaplike Hulpwerkers: Areas Klerksdorp en Brakpan.

  **Vereistes:** Registrasie by Raad vir Maatskaplike Diensberoepe; Kode 8-bestuurslisensie. Kontak Mariaan Steenkamp by **mariaans@nhk.co.za** of Charmaine Fourie by **oraadpb@nhk.co.za**, 012 322 8885 x313 of 071 684 7796.

- **Beeld-Kinderfonds: Kerskonsert**
  Woensdag 30 November
  Moreleta Woodlands
  Met Jannie Moolman, Rudi Muller, Carike Keuzenkamp (gasvrou), Rina Hugo, Leon Ferreira, Bobby van Jaarsveld, Gerrie Pretorius, Francois Coetzee, Lianie May en Jan de Wet
  Kaartjies by **www.itickets.co.za** of 086 100 0291
  of by **Jire Cafe @ Moreleta Woodlands** Ouditorium

- Teologiestudente en jong predikante kan ’n opleidingsgeleentheid van **8 Junie tot 1 Julie 2012** by die Global Institute of Theology in **Indonesië** bywoon. Navrae aan: Christopher Dorn, Intern, Office of Theology and Communion, World Communion of Reformed Churches, 150 Route de Ferney, POB2100, 2 Geneva 1211, e-mail **csd@wcrc.ch**.

- Die **Sinodale Kerkkantoor sluit** op Donderdag 22 Desember om 12:00 en **heropen** op Dinsdag 3 Januarie 2012.

- Die **laaste *e-Hervormer*** van vanjaar verskyn op **Donderdag 1 Desember**. Die **eerste uitgawe van 2012** verskyn op **Donderdag 12 Januarie**.




**Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word.** Dit bestaan hoofsaaklik uit teks (u kan eenvoudige grafika of ’n foto voorsien), maar daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 633 4059. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R114 per plasing**. *(Die prys styg in Januarie tot R150 – adverteer dus nou!)*

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:
Raad van Finansies
ABSA Bank
Tjekrekening nommer 020-000-287
Takkode 632-005
**Verwysing: u naam + e-Hervormer Ads**

# AGTERBLAD

## *Almanak* en *Bybelse Dagboek* vir 2012

**Die nuwe *Almanak/Bybelse Dagboek* is pas by SENTIK afgelewer.**

SENTIK vra weer hulp van gemeentes en ringe vir die verspreiding van die publikasie. Met u hulp kan ons die boeke vinnig en koste-effektief versprei; daarsonder vat dit veel langer en kos dit baie geld. Gemeentes en ringe in en om Pretoria moet asseblief self reëlings tref om hul besending by die Sinodale Kerkkantoor te kom afhaal. Predikante of ander verteenwoordigers van gemeentes buite Pretoria moet waar enigsins moontlik ook hul gemeente en/of ring se eksemplare kom afhaal, en vir die verdere verspreiding daarvan reëlings tref.

Dit is belangrik om met SENTIK reëlings te tref voordat ’n verteenwoordiger die gemeente of ring se bestelling kom afhaal, sodat die pakke betyds opgemaak en reggesit kan word. Al die gemeentes in ’n bepaalde ring moet presies weet waar hul boeke uiteindelik afgehaal moet word.

Kontak mev Susann van Zyl by **sentik@nhk.co.za**, 012 322 8885 x291 of faks 086 633 4054 om reëlings te tref.




Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Dr André Ungerer
Kerknuus: Drr Frikkie Labuschagne en Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx